

Van Stamverwante Bodem

deur

DR. JAN PLOEGER

ONDER redaksie van *dr. H. J. de Graaf*, met medewerking van *prof. G. Gonggrijp*, *W. R. Menkman* en *prof. Jonkheer dr. P. J. van Winter* het by die uitgewersmaatskappy *W. de Haan (Zeist)* die tweede, heeltemal hersiene druk van „*Nederlanders over de zeeën. 350 Jaar geschiedenis van Nederland buitengaats*” (260 bls., met literatuur-opgawe en register en talryke afbeeldings) verskyn. Van die hand van *W. R. Menkman* is die deeglik bewerkte hoofstuk „*Nederland in Amerika en West-Afrika*”.

Dr. de Graaf het die hoofstuk „*De Nederlanders in Oost-Azië*” vir sy rekening geneem en daarin ook die oorlog met Japan, die Japanse besetting van Nederlands-Indië en die gebeurtenisse na die Japanse oorgawe op insiggewende wyse behandel. Na Mei 1945 het die Nederlandse regering in die Moederland die hande vol gehad, skepe vir troepeer-voer was nie beskikbaar nie, in Australië het o.m. hawewerker teengewerk. In Sept. 1945 het die eerste Britse troepe op Java verskyn en het Japanse troepe deur inheemse republikeine laat ontwapen. „*De Engelsen deden het dus voorkomen, of het hier een geschil tussen gelijkwaardige partijen betrof, en niet een strijd tussen de Nederlanders, hun bondgenoten in de oorlog, en een revolutionaire groep, leiders ener niet erkende republiek*” (bl. 217). Verdere konsolidasie van die republikeine kon met sukses voortgesit word. Die einde was die soewereiniteitsoordrag van 27.XII.1949, waarvan die skrywer verklaar: „*Een fatale dag voor Nederland, wellicht ook voor Indonesië*”. *Prof. Jonkheer dr. P. J. van Winter*, 'n kenner by uitnemendheid van ons geskiedenis, het die hoofstuk „*Zuid-Afrika in de Hollandse tijd*” (bls. 227-251) versorg en 'n uitgebreide literatuur-opgawe aan sy hoofstuk toegevoeg. Ons is die uitgewer dankbaar dat in dié verband die keuse op 'n kenner van ons geskiedenis geval het. Met verwysing na die toenadering tussen die leiers van Transvaal en belangrike groepe van die Nederlandse volk teen die einde van die negentiende eeu en die behoefte tot toenadering verklaar die skrywer met betrekking tot ons eie eeu: „*Pas de 20ste eeuw, die Zuid-Afrika tot nieuwe culturele ontluiking ziet komen op de grondslag van versterkt eenheidsbesef onder alle geledingen der Hollands-Afrikaanse bevolking en met terzijdestelling ten dele van de verschillen, die de 18de eeuw had zien ontstaan en die in de 19de waren verscherpt — pas de 20ste eeuw beleeft wederzijdse pogingen om elkaar te hervindin, waaraan echter na lange tijd van gescheiden ontwikkeling onvermijdelijk nog veel moet haperen*” (bl. 251).

Hierdie publikasie, wat in Nederland ongeveer 14s. kos, is onmisbaar vir elke student en belangstellende van die tydelike lotsverbondenheid tussen Nederland, die Nederlandse wêreldryk van weleer en ons eie land en volk.

In die Brabantse dorp Nuenen staan, nou heeltemal opgeknep en weer as pastorie in gebruik geneem, die huis waarin *Vincent van Gogh* van Desember 1884 tot Mei 1885 by sy ouers ingewoon en geskilder het. 'n Aantal werke van *Van Gogh* is in die pastorie tentoongestel.

Deur die „*Stichting ter bevordering van de vertaling van Nederlands letterkundig werk*” word 'n driemaandelikse tydskrif uitgegee wat kort samevattinge van waardevolle Nederlandse boeke e.d. bevat. Die tydskrif is in Engels en Frans gedruk.

Na aanleiding van die verskyning van die werk „*Correspondentie van Robert Fruin, 1845 — 1899*”, uitgegee deur die „*Historisch Genootschap*” (*Utrecht*) het *prof. dr. P. Geyl* in die blad „*Vrij Nederland*” (7.9.1957) o.m. geskryf: „*Robert Fruin is en blijft onze grote negentiende-eeuwse geschiedschrijver. Zijn grootheid heeft met dat al iets problematisch. Meer en meer, naarmate wij ons in tijd van hem verwijderen, zien wij hoe door en door negentiende-eeuws hij was, hoe hij aan het voorgeslacht waarover hij schreef . . . onwillekeurig en onbewust negentiende-eeuwse standaarden aanlegde.*” Met betrekking tot *Fruin* se liberalisme verklaar *Geyl* verder: „*. . . zijn liberalisme dan was het liberalisme van een verlichte élite, die zich minderheid weet en neerziet op de voor geen rede vatbare massa, van de gegoede klasse, die de bezitloze meerderheid alle goeds toewenst mits ze rustig op haar plaats blijft afwachten.*”

In „*Rotterdams Jaarboekje 1957*” (Rotterdam, 1957), wat tewens die jaarboek van die „*Historisch Genootskap Roterodamum*” is, kom behalwe ’n aantal bydraes in verband met Rotterdam en vooraanstaande inwoners van die stad op bl. 79 ’n lys van geskifte oor Rotterdam en Rotterdammers, soos in 1956 uitgegee, voor.

’n Insiggewende bydrae oor Sjinese porselein wat grotendeels op bestelling vir die Nederlandse mark vervaardig is, kom in deel VIII, nr. 2 (1957) van die „*Bulletin Museum Boymans*” (Rotterdam) voor. Die betekenis van die sewentiende eeuse skilder-boumeester *Jacob van Campen* (1595 — 1657), veral bekend as die ontwerper van die Amsterdamse stadsaal, is in „*Ons Amsterdam*” (jaarg. 9, nr. 9, Sept. 1957) deur J. H. Kruizinga belig. Die skrywer dring daarop aan dat Amsterdam die verdienstes van Van Campen deur die oprigting van ’n standbeeld behoort te eer.

Op 29 September 1957 was dit 275 jaar gelede dat die Haagse Akademie gestig is. Die Akademie het ’n belangrike rol in die kuns en kunsonderwys in Nederland gespeel.

’n Groot aantal skilder- en beeldhouwerke, versamel deur die Belgiese kunsversamelaar *Tony Herbert*, is in 1957 in Gent, Hasselt, Oostende, Den Haag, Groningen en Charleroi uitgestal. ’n Insiggewende katalogus het in opdrag van die Belgiese regering verskyn. Maurice Roelants het die katalogus van ’n inleiding voorsien. Die versamelaar het hom veral op werke van Belgiese vertolkers van die ekspressionisme en daarna toegespits.

Die „*Stichting Centraal Projectie Instituut*” (Raamgracht I, Amsterdam) beoog bevordering van die stilstande beeldprojeksie deur middel van die genoemde kleinbeeldprojeksie en beskik oor ’n groot verskeidenheid opnames wat ook vir ons onderwys uitermate geskik is. ’n Opgawe (36 bls.) kan by die genoemde adres aangevra word.

„*De herberg in de Nederlanden*” deur B. H. D. *Hermesdorf* (Van Gorcum, Assen 1957, 308 bls., met afbeeldings) is die titel van ’n uitstekend gedokumenteerde studie waarin die plek van die herberg binne die raamwerk van die Nederlandse beskawingsgeskiedenis noukeurig bepaal word. By dieselfde uitgewery het „*De samenspraak in onze samenleving. Inleiding tot de publicistiek*” (208 bls., 1957) verskyn. Die skrywer, dr. H. J. *Prakke*, is privaatsdosent in die publisistiek (perswetenskap) aan die Ryksuniversiteit van Groningen. Sy werk is ook van groot betekenis vir dié geskiedkundige navorsers wat ’n deel van hul gegewens uit diverse persorgane versamel.

Van die *Vlaamse Toeristebond* (Antwerpen) het ons ’n tweetal nuttige gidse ontvang, t.w. die „*Gids voor Antwerpen en verre omgeving*” (1957) en die „*Gids voor Vlaanderen*” (1956). Albei werkies is van die hand van die sekretaris van die V.T.B., mnr. Jozef van Overstraeten. Sowel op geskiedkundige as op kulturele gebied bevat die twee gidse waardevolle gegewens wat dikwels tevergeefs in die gewone handboeke gesoek word. Vir biblioteke van ons middelbare skole kan hierdie twee publikasies warm aanbeveel word.

In 1956 het die V.T.B. onderneem om ’n waardevolle publikasie oor die historiese belangrike stadje Damme te laat druk. Dit is ’n werk vol afbeeldings en waardevolle bydraes o.m. van die hand van die argitek Huib Hoste en prof. dr. Stan Leurs. „*Damme*” (195 bls.) is ’n verantwoorde kuns-historiese studie van ’n Vlaamse stadje wat in die ver verlede ’n tydperk van ongekende ekonomiese bloei beleef het totdat die versanding van die seearm ’n einde daaraan begin maak het. Prof. dr. J. van Mierlo behandel die beroemdste inwoner van Damme, Jacob van Maerlant, terwyl dr. L. Debaene verduidelik hoe die grafsteen van Van Maerlant vir dié van Tyl Uilespieël aangesien kon word.

In die maandblad „*Ons Amsterdam*” (Jaarg. 10, nr. 3) het F. J. *Dubiez* ’n bydrae oor die onluste van die Wederdopers (Anabaptiste) in 1535 gepubliseer. Die skrywer verwys o.m. na A. F. Mellink se dissertasie „*De Wederdopers in de Noordelijke Nederlanden 1531 — 1544*” (Groningen, 1953) en een van die stellings van Mellink, nl. dat die geskiedenis van die Hervorming in Nederland tot 1544 die geskiedenis van die Anabaptisme is. In belangrikheid met betrekking tot die optrede van die Anabaptiste staan Amsterdam op dieselfde vlak as Munster. „*Geestelijke hoogmoed en overspanning*” onder ’n deel van die Anabaptiste het sowel in Amsterdam as in Munster tot tragiese gebeurtenisse gelei. In die April-uitgawe van dieselfde blad kom op bl. 118 ’n aantal afbeeldings voor van muntstukke wat tydens die bewind van Koning Lodewyk Napoleon in Utrecht geslaan is. Lodewyk Napoleon, wat in velerlei opsigte die erenaam „die goeie koning Lodewyk” („*le bon Roi Louis*”) verdien het, aldus die skrywer J. A. *Groen Jnr.*, is in 1846 in Livorno oorlede. Sy stoflike oorskot rus in die kerk in die Franse stadje Saint-Leu-Taverny. ’n Besonder belangrike bydrae van die hand van F. J. *Dubiez* oor *Willem Janszoon Blaeu* en *Joan Blaeu* die beroemde Amsterdamse boekdrukkers en kaartemakers, verskyn in „*Ons Amsterdam*” van Mei 1958.

**UIT ONS GESKIEDENIS
IS 'N NASIE GEBORE!**

**Die Poskantoor dien nie net die publiek nie,
hy dien**


SUID-AFRIKA.

**Diens in die Poskantoor as Pos-en-telegraafassistent
of tegnikus, is diens aan u land.**

U word verseker van:

**GOEIE SALARISSE,
RUIM VERLOFVOORREGTE,
GOEIE OPLEIDING,
'N PENSIOEN BY UITDIENSTREDING,
SPOORWEGKONSESSIES,
'N MEDIESE SKEMA,
BEHUISINGSLENINGS.**

**U PLAASLIKE POSMEESTER SAL
NADERE BESONDERHEDE
VERSTREK.**



Tree
die
toekoms
tegemeet . .
versekerd

SANLAM

DIE GROOT AFRIKAANSE LEWENSVERSEKERINGSMAATSKAPPY

54 6922